# Waarvoor spaar jy?

Ten einde jou doelwitte te bereik, moet jy eers bepaal waarvoor jy spaar en dan jou spaargeld in korttermyn-, mediumtermyn- en langtermyn-doelwitte opdeel.

Vir verskillende mense het die woord 'spaar' verskillende betekenisse. Jy sou kon spaar vir 'n vakansie, jou kinders se opvoeding, 'n deposito op 'n huis of vir jou aftrede. Hierdie spaar-doelwitte het verskillende tydraamwerke en uiteindes. Die tabel hieronder sal jou help om die regte spaarplan te kies vir waar jy wil wees.

| Jou spaardoelwit | Hoe om dit te bereik |
|---|---|
| • Noodfondse<br>• Jou volgende vakansie<br>• Volgende jaar se skoolgeld | **Die 1 jaar, korttermyn spaarplan**<br>*Hierdie is korttermyn spaargeld en jy wil nie kapitaal in gedrang bring nie*<br>• Belê in 'n kontant-gebaseerde belegging soos 'n geldmarkfonds of 'n vaste deposito-rekening.<br>• Om van jou geld in jou aksesverband te spaar sorg vir 'n aantreklike 'opbrengs' deurdat die rente op jou verband verminder word, en dit is belastingvry. Om egter al jou ekstra kontant in jou verband te stort is nie 'n slim langtermyn-strategie nie: terwyl jy jou skuld verminder, moet jy ook bates opbou. |
| • Deposito op 'n huis<br>• Kinders se opvoeding<br>• Jou droomvakansie | **Die 3 jaar, mediumtermyn spaarplan**<br>*Spaar in 'n belegging wat inflasie kan hokslaan.*<br>• Lae risiko effektetrust-fondse wat daarop gemik is om inflasie met 2% te klop, is goeie opsies vir spaar oor die medium termyn.<br>• Daar is ook beleggingsprodukte met beleggingswaarborge wat potensiële verliese beperk. |
| • Universiteitsgelde<br>• Vroeë aftreefonds | **Die 5 tot 10 jaar, langtermyn spaarplan**<br>*Om by te bly met inflasie moet jy 'n belegging in groeiende bates soos aandele en eiendom hê.*<br>• 'n Belegging in 'n gebalanseerde portefeulje sou in hierdie behoefte voorsien deurdat dit aan sowel groeiende bates as aan minder onbestendige bates soos verbande en kontant blootgestel sal wees om sodoende die verliese te beperk, indien die aandelemark sou val rondom die tyd dat jy toegang tot die geld wil hê.<br>• Effektetrusts en skenkings is ideale produkte vir hierdie tipes beleggings. |
| • Jou aftrede | **Die langtermyn aftreeplan**<br>*Verseker dat jy ook blootstelling het aan groeiende bates om jou teen inflasie te beskerm.*<br>• Belê in aftree-spaarprodukte wat belastingvoordele bied. Na gelang van jou belastingkoers sou jy selfs jou aftree-enkelbedrag met een van hierdie produkte kon verdubbel.<br>• Jy moet minstens 15% van jou salaris vir jou aftrede spaar, maar jy sal ook |

| | |
|---|---|
| | behoeftes oor die korter termyn hê waarvoor jy wil spaar, eerder as om skuld te maak. Mik daarna om minstens 20% van jou salaris op een of ander manier te spaar. |

Vir meer inligting oor ons beleggings- en aftree-spaarprodukte, praat met jou finansiële adviseur of skakel ons by **0860 456 789.**

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*